JENNIFER ZAMUDIO

Posbus 82456
Doornpoort
Pretoria, 0017

Tel: +27 (0) 12 547 6838
Faks: +27 (0) 86 524 9564
Sel: +27 (0) 83 514 8554

JENNIFER ZAMUDIO : BIOGRAFIE (2017)

Jennifer is gebore in Gansbaai en het grootgeword aan die Weskus dorpie Laaiplek (Velddrif). Sy het gematrikuleer aan die Hoërskool Swartland te Malmesbury. Hierdie gewilde sangeres is die afgelope 25 jaar woonagtig in Pretoria en sing reeds die afgelope **16 jaar** professioneel. Sy het haar sangloopbaan begin by Anneli van Rooyen se sangskool, Promuzik in Pretoria. Jennifer het aan die begin van haar loopbaan bekend gestaan as "Die Singende Pers Sensasie". Haar pers haarkleur het haar beslis laat uitstaan en word nog lank onthou.

Jennifer is 'n Afrikaanssprekende sangeres en haar unieke van, Zamudio, is haar eie en is van Spaanse afkoms. Dit word foneties as volg uitgespreek "Za-moe-die-hou".

Jennifer vermaak gehore nasionaal met haar energieke en natuurlike verhoogspersoonlikheid in die kommersiële genre. Sy is al deur die Vrouekeur Tydskrif bestempel as die "Vrou met die Ontwerperstem".
Jennifer se talent is raakgesien in die jaar 2000 tydens die KKNK op Oudtshoorn deur een van die beste musiek promoters in die land, **Lydia Winchester**.

Jennifer het alreeds **ELF solo** albums agter haar naam, **LEEF**, **JY IS DIE EEN, EK HET JOU GEVIND, HART SE LOPER, HOOR HOOR, HIER'S MY HART**, **'N DEKADE VAN MUSIEK** ('n dubbel CD ter viering van haar 10 jaar in die Afrikaanse Musiekbedryf), **DIE LEWE IS 'N LIEDJIE, HART EN SIEL**, **15 JAAR SPESIALE UITGAWE** (ter viering van haar 15 jaar in die Afrikaanse Musiekbedryf) en haar nuutste vrystelling **ONGELOOFLIK**.

Van haar CD's het ook aan haar verskeie **Nominasies** en **Toekennings** in die musiekbedryf besorg. Sy is ook al ingesluit op 15 verskillende **kompilasie** albums. Vele van Jennifer se liedjies het al verskeie **Nommer 1** en ander top posisies bekleë op plaaslike radio stasies se Treffer Parades.

Haar treffer lied, "**Hart en Siel**", wat spesiaal vir haar geskryf is deur die bekroonde en welbekende liedjieskrywer, **Rudi Claase** was **22 weke** op die **No.1** posisie op **Bosveld Stereo se Top 20**. Dit het ook gelei tot die enkelsnit "**Sê dit harder**" in 2015 wat ook deur Claase geskryf is. Die lied het ook die verskeie **No.1** posisies behaal kort na uitreiking. Hierdie is beslis een van Jennifer se loopbaan bestes.

In **Junie 2016** reik Jennifer, weer as onafhanklike kunstenaar, haar 11de CD, **Ongelooflik** uit wat reeds voor vrystelling deur radiostasies bestempel was as "*verseker iets om na uit te sien*". Die gelyknamige titelsnit het ook op 'n paar stasies se Trefferparades gepryk op die No.1 posisie die musiekvideo van die titelsnit tref ook met sukses verskeie TV kanale.

In **April 2017** stap Jennifer weg met twee gesogde **Ghoema Musiektoekennings** in die kategorieë **"Beste Country Album"** vir haar album **"Ongelooflik"** en **"Publiek se Gunsteling Vroulike Kunstenaar"** wat toegeken is na aanleiding van die publiek se stemme wat ontvang is.

MEDIA DEKKING:

RADIO SPEELLYSTE (wat Jennifer se liedjies gelaai het, om sommiges uit te sonder)

Radio Sonder Grense (RSG), Jacaranda FM, Oos Rand Stereo, Overvaal Stereo, Lichvaal Stereo,
Radio Rosestad, IFM, OFM, Radio Weskus, VCR 90.6 FM, Radio Kragbron, Radio Helderberg, Radio Laeveld,
Radio Namakwaland, Radio Panorama, Bosveld Stereo, Pretoria FM, Groot FM, Bay FM,
Kosmos Stereo, Suid-Kaap Stereo, Radio Graaff-Reinet, Waterberg Stereo, Luister FM, Lekker FM, Kanaal 7 (Namibië), Radio Kudu (Namibië), NBC Afrikaanse Diens (Namibië), Kosmos FM (Namibië) en vele meer.

TYDSKRIFTE & KOERANTE (wat al artikels oor Jennifer geplaas het)

Huisgenoot, Vrouekeur (asook **Vrouekeur se Voorblad in Aug 2006**), Sarie, Rooi Rose, Finesse, Rapport Tydskrif, Taalgenoot, VONK en MENSE. Beeld, Die Burger, Die Volksblad, Rapport, Sondag & verskeie plaaslike en distriks koerante. Die Namibiese pers volg ook altyd haar loopbaan getrou en koerante soos Die Republikein, Namibian, Namib Times en New Era, het al almal artikels oor haar geplaas.

TELEVISIE (programme wat Jennifer al as gas op verskyn het)

DSTV : KYKNET – Kwêla, Fiesta, DKNT, Casper Rasper Show 2, Dis hoe dit is met Steve 2, Skaterlag met André (die Skreeusnaakse Hipnotiseer), Glitterati, Jukebox, JAM en Bravo!**.**
Gasaanbieder vir **KYKNET Fiesta** in April & November 2007, Augustus 2008 en Augustus 2011 asook Augustus 2012. Sy was ook al 'n gas op die Namibiese TV Kanaal, One Africa.

DSTV : KYKNET & KIE – Kollig

ASTV (Onafhanklike Digitale Afrikaanse stasie) – Kos is op die tafel en Kos vir die Siel

SABC2 - Stouteboude, Belboks, TUBE (World of Winners), **NOOT VIR NOOT 2006, Reeks 27,** en **PASELLA November 2011**.

SABC3 - **Expresso Show, November 2015**

MUSIEK VIDEOS

2002 – Jy is die een, die titelsnit van die CD *'Jy is die een'*.
2002 – Hey Bokka, 'n snit vanaf die CD *'Jy is die een'*.
2005 – Hart se loper, die titelsnit van die CD *'Hart se loper'*.
2008 – Hier's my hart, die titelsnit van die CD *'Hier's my hart'*.
2012 – **Ek sal berge klim vir jou**, 'n snit vanaf die CD *'Die lewe is 'n liedjie'*.
2013 – **Hart en Siel**, die titelsnit van die CD *'Hart en Siel'*.
2015 – Sê dit harder, 'n snit vanaf die CD *'15 Jaar Spesiale Uitgawe'*
2016 – Ongelooflik, die titelsnit van die CD *'Ongelooflik'*

TOEKENNINGS & NOMINASIES

Oorkonde - ATKV Centurion: **22 Mei 2004** ontvang tydens 'n vertoning in die Centurion Teater "vir die bevordering van die Afrikaanse Taal deur haar sang".

Nominasie - Huisgenoot Tempo Musiektoekennings 2006 : Genomineer in TWEE kategorië – **Gunsteling Pop Album** vir Hoor Hoor (Jennifer was die enigste "onafhanklike" kunstenaar wat die Top 10 gehaal het) en **Stylvolste Vroulike Kunstenaar – in laasgenoemde kategorie dring sy deur na die Top 3**.

Nominasie - VONK Musiektoekennings 2005/2006 : Genomineer in DRIE kategorië vir die cd HART SE LOPER– **Album van die Jaar, Beste Vroulike Album van die Jaar** en **Beste Vroulike Solo Kunstenaar van die Jaar**.

Nominasie - Afrikaanse Musiektoekennings (AMT's) 2007 : Genomineer in EEN kategorië vir **Beste Afrikaanse Vertaling van 'n Oorsese Melodie** met "Droom jou mooi drome" van die cd HOOR HOOR.

Oorkonde - ATKV Centurion: **11 Augustus 2008** ontvang tydens die bekendstelling van haar nuutste cd, Hier's my hart, weereens vir die 'bevordering van die Afrikaanse Taal deur haar sang".

Nominasie – EURO STAR AWARDS 2009 : Genomineer in EEN kategorië vir "**Female singers - Afrikaans cover of an actual Eurovision entry"** met die lied "Ek wag op jou" van die cd "Hier's my hart". Die lied was Noorwee se inskrywing vir die EUROVISION 2008 (Hold on be strong).

Nominasie – Rapport VONK Afrikaanse Musiektoekennings 2009 : Genomineer in EEN kategorië vir **"Beste Vroulike Solo Kunstenaar van die Jaar"** met die cd HIER'S MY HART.

Nominasie – Die KYKNET Fiestas 2012/13 : Genomineer as **"Beste Fiesta Aanbieder"**.

Oorkonde - ATKV Centurion: **10 April 2013** ontvang tydens die bekendstelling van haar negende cd, Hart en Siel.

Nominasie – Ghoema Musiektoekennings 2014 : Genomineer vir **"Beste Kontemporêre Album deur 'n Vroulike Kunstenaar"** vir die album **"Hart en Siel"**.

Nominasie – Ghoema Musiektoekennings 2016 : Genomineer vir **"Beste Kontemporêre Album deur 'n Vroulike Kunstenaar"** vir die album **"15 Jaar Spesiale Uitgawe"**.

Toekenning – Overvaal Stereo 2016 : Aangewys as "Vroulike Kunstenaar vir die Jaar" vir die album **"Ongelooflik"**.

Toekenning – VCR 90.6 FM 2016 : Ontvang 'n toekenning vir die No.1 posisie op hul Top 20 vir die album **"Ongelooflik"**.

Toekenning – Ghoema Musiektoekennings 2017 : Wenner vir **"Beste Country Album"** vir die album **"Ongelooflik"**.

Toekenning – Ghoema Musiektoekennings 2017 : Wenner vir **"Publiek se Gunsteling Vroulike Kunstenaar"**.

Toekenning – VCR 90.6FM : Top 20 Musiektoekenning vir die lied "**Ongelooflik**"

INTERNASIONALE ERKENNING : 2006
Jennifer verteenwoordig Suid-Afrika by die "**World Song Festival 2006**" met haar eie komposisie "**Hou my net 'n bietjie vas**" vanaf haar nuutste CD "Hoor Hoor". Sy behaal die **55ste** plek uit **100** deelnemende lande en dit besorg aan haar Internasionale erkenning. Hierdie kompetisie is slegs geskoei op komposisies en word beoordeel deur 'n paneel van 50 beoordeelaars van regoor die wêreld.

INTERNASIONALE ERKENNING : 2008
Sy word ook gevra deur Noorweë se President van Eurovision om hulle wenlied en inskrywing vir **Eurovision 2008** in Afrikaans te vertaal. Die lied is amptelik aan Noorweë en die oorspronklike sanger oorhandig tydens Eurovision 2008. Noorweë, wat een van die gunstelinge was, het sukses behaal deur **5de** te eindig uit **24** Europese lande. Dit is 'n groot eer en 'n eerste vir 'n SA kunstenaar. Jennifer se Afrikaanse weergawe van die lied, ***Ek wag op jou***, is ook op haar nuwe CD, ***Hier's my hart*** , ingesluit.

INTERNASIONALE ERKENNING : 2011
Die liedjie "***Ek sal berge klim vir jou***" vanaf haar nuutse cd "Die lewe is 'n liedjie" word ingeskryf as Suid Afrika se verteenwoordiger by die "**Global Song Contest 2011**". Die kompetisie word deur Eurovision aangebied. Daar is 'n totaal van 150 lande wat deelneem aan die gesogte kompetisie. Die goeie nuus is dat Suid Afrika in die 16de plek geeindig het.

INTERNASIONALE ERKENNING : 2016
Die musiekvideo van haar treffer "***Sê dit harder***" vanaf haar CD "15 Jaar Spesiale Uitgawe" word op versoek ingeskryf vir 'n Internasionale Sangkompetisie, **SuperXtar**. Die kompetisie word aanlyn aangebied en word deur aanlyn stemme bepaal. **Sy wen die eerste twee rondtes en dring deur na die Finaal, waar sy Suid Afrika & Afrikaans gaan verteenwoordig, in 2017 in die VSA.**

LIEFDADIGHEID 2013
Jennifer is tydens die bekendstelling van haar cd "Hart en Siel" aangewys as 'n "**Welwillendheids Ambassadeur**" van die **Acorn Foundation**. 'n Nie-winsgewende organisasie wat 'n platform skep "make it easy to do good".
In 2014 skop Jennifer haar jaar af met die **"Bly Aan Glo" Toer** in samewerking met die **Acorn Foundation**. Die toer het bestaan uit tien optredes van die Oos Kaap tot in die Vrystaat. Tydens die toer besoek Jennifer **tien** liefdadigheids organisasies en gee in totaal **3 850 maaltye** uit. – www.acornfoundation.org.za

CD's (ALBUMS) REEDS UITGEREIK

TITEL	DATUM	PLATEMAATSKAPPY	VERSPREI
SOLO ALBUMS:			
Leef	Mrt 2001	Sting Music (Stêr Musiek)	Universal Music
Jy is die een	Mei 2002	Sting Music (Stêr Musiek)	Universal Music
Ek het jou gevind	Okt 2003	Sting Music (Stêr Musiek)	Universal Music
Hart se loper	Apr 2005	Jennifer Zamudio	SMD
Hoor Hoor	Jul 2006	Jennifer Zamudio	SMD
Hier's my hart	Aug 2008	Markon Records	SMD
'n Dekade van Musiek –dubbel cd	Mei 2010	Markon Records	SMD
Die lewe is 'n liedjie	Jul 2011	Zamudio Musiek	SMD
Hart en Siel	Mrt 2013	Zamudio Musiek	SMD
15 Jaar Spesiale Uitgawe	Jul 2015	Jewel Entertainment	Universal Music
Ongelooflik	**Jun 2016**	**Jennifer Zamudio**	**On the Go & Partners**
KOMPILASIE ALBUMS:			
Afrikaanse Nuwe Sterre	2001	EMI	EMI
Dozi & Vriende	2002	Sting Music (Stêr Musiek)	Universal Music
Warm Treffers	2002	Sting Music (Smug Music)	Universal Music
Kaleidoskoop 1 - Stef Kruger	Mei 2006	EMI Music	EMI
Bevonkte Afrikaanse Treffers Vol.2	Jul 2006	Vonk Musiek	SMD
Grootste Afr Sokkie 4	Mei 2007	Select Musiek	SMD

Grootste Afr Love Songs	Jun 2007	Select Musiek	SMD
Vrouekeur Jou eie Top 20	Sep 2007	EMI Music	EMI
Kaleidoskoop 2 – Stef Kruger	Okt 2009	Vonk Musiek	Vonk Musiek
Grootste Afr Sokkie DVD Vol.3	Okt 2010	Select Musiek	SMD
Grootste Afr Sokkie DVD Vol.4	Jun/Jul 2012	Select Musiek	SMD
Grootste Afr Sokkie 9	Jun/Jul 2012	Select Musiek	SMD
Premium Treffers	Jul 2012	Select Musiek	SMD
Bok Radio Top 40 Vol.2	Aug 2013	Select Musiek	SMD
'n Dekade +3 van Afr Treffer Vol 7	Okt 2013	Universal Music	Universal Music

OPTREDES / VERWYSINGS & HOOGTEPUNTE (om net sommiges uit te sonder)

Jennifer is 'n gewilde kunstenaar in die musiekbedryf – en word genooi om by van ons land se grootste feeste, skou, geleenthede en teaters op te tree, om slegs 'n paar hoogtepunte uit te sonder:

Kersfees Skouspel, Carnival City 2012
Klein Karoo Nasionale Kunstefees 2000 – 2005, 2007, 2008, 2011
Aardklop Nasionale Kunstefees 2001 – 2008 (Compére vir Beeld by die Beeld-verhoog)
Gariep Kunstefees 2003 – 2006, 2008, 2011
Innibos Nasionale Kunstefees 2004 – 2007 / 2009 (Beeld Afskop Hoofverhoog Musiekfees), 2011, 2013
Innibosveld – Kurt Darren se verjaarsdagfees 2011
Volksblad Kunstefees 2006
Suidoosterfees – RSG 2008, 2011
Huisgenoot Musiekvaart MSC Symphonia – 2010
The Carousel Casino and Entertainment World 2001, 2002 & 2009
Carnival City Casino – Big Top Arena, Afrikaanse Musiekfees 2003
Carnival City Casino – Big Top Arena, Klipdrift Afrikaanse Musiekfees4 2005 & Musiekfees5 2006
Carnival City Casino – Big Top Arena, Afrikaans Music Festival 10 – 2011
Carnival City Casino – Big Top Arena, Kersfees Skouspel 2012
Emerald Casino – Oppievaal Musiekfees 2005
Meropa Sun International Casino, Polokwane – 2006
Flamingo Casino, Bar 129, Kimberley – 2007, 2013, 2016
The Ridge Casino, Witbank – 2012, 2013
Sun City – Superbowl, Super Sokkie 2017
Vredendal Rittelfees 2004 – 2008 & 2009
Centurion Teater – Pretoria 2003, 2004, 2005, 2006, 2010, 2011, 2013
The Performer Teater – Pretoria
Die Barklystraat Teater – Uitenhage 2013, 2014
Die Pierneef Teater – Pretoria
Musiekskuur (Barnyard Parkridge) – Pretoria 2016, 2017
Barnyard Vereeniging 2016
Inniskuur Teater – Bloemfontein 2015 2016, 2017
Jamrock Teater – Brackenfell 2015, 2016, 2017
7de Laan Jolyt (Gaskunstenaar saam met die Akteurs) - Phalaborwa 2005
Royal Skou – Pietermaritzburg 2005 (Radio Sonder Grense Musiekfees – Anton Goosen & Vrinne)
Centurion Teater – Pretoria, 24 Sep 2005 (saam met die legendariese Ollie Viljoen op trekklavier)
Beeld Kinderfonds Valentynsbal – Pretoria, 10 Feb 2006 (Gaskunstenaar saam met 7de Laan & Egoli Akteurs)
Compére saam met Elana Afrika by die Mrs Style South Africa – April 2006
"Soos ou vriende – vir Anneli van Rooyen" – Centurion Teater, Januarie 2008 (deel van die huldigingskonsert vir Anneli van Rooyen)
Jennifer Zamudio & Juanita du Plessis – The Ridge Casino, Witbank, 2012
Jennifer Zamudio & Theuns Jordaan – The Ridge Casino, Witbank, 2013
Jennifer Zamudio & Steve Hofmeyr – The Ridge Casino, Witbank, 2013